

Kussing- kikkers

Interessante kussings sal enige vertrek opvrolik

steke om 'n aaneenlopende kabelpatroon te vorm. Eindig 5 cm van onderste rand af.

AGTERPANT: Soos voorpant, of laat dit ongesmok en knip oortollige netstof af. Knip 4 stroke van 11 cm breed uit oorblywende netstof en stik hulle aanmekaar, met regte kante opmekaar. Vou in twee in die lengte en met 1-cm-nate, stik die val op die regte kant van die voorpant met rafelkante gelyk. Stik voorpant aan agterpant met regte kante opmekaar en die val daartussen. Stop op of trek kussing oor en werk met die hand toe.

4 STOEPSTELLETJIE

Dié stel lyk so mooi saam dat ons besluit het om aanwysings vir die tafeldoek, plekmatjies én servette te gee.

BENODIGDHEDE: 4,7 m pienk katoenstof (122 cm breed); 2,1 m wit katoenstof (122 cm breed); 3,7 m wit voeringstof (122 cm breed); 2,2 m watterseel; 2,2 m aanstrykvoering; 6,4 m pienk satynlint (9 mm breed); 6,5 m pienk skuinsband (2,5 cm breed); blou, geel, groen en donkerpienk gare; bypassende gare.

KUSSINGS: Meet die sitplek van die stoele om seker te maak dat die kussing pas. Knip vier voorpante uit pienk katoenstof, met 'n naattoelating van 1,5 cm. Knip vier agterpante uit wit katoenstof en vier soortgelyke pante uit die watterseel en aanstrykvoeringstof. Stryk aanstrykvoering aan die verkeerde kant van die voorpante. Ryg nou watterseel aan verkeerde kant van voorpant. Stik rye satynsteek met gekleurde gare volgens jou keuse en ontwerp op regte kant. Knip twee strokies lint van 80 cm vir elke kussing. Vou elk in twee en speld vas op twee hoeke en op naatlyn van voorpant. Stik voorpant aan agterpant met regte kante opmekaar (diagram 1). Laat 'n klein opening. Dop kussingsloop om na regte kant en werk met die hand toe. Strik die kussing met die lint aan die stoel vas.

TAFELDOEK: Knip uit pienk katoenstof 'n reghoek van 185 x 122 cm en twee strokies van 185 x 33,5 cm elk. Laat 1,5 cm toe vir nate en stik die stroke aan albei lang kante van die reghoek vas met die regte kante opmekaar. Pars nate oop. Berei wit voering op dieselfde manier voor. Ryg die twee lae met verkeerde kante opmekaar vas. Stik soos by kussing rye satynsteek op regte



GESMOKTE KUSSINGS

1 GEPLOOIDE KUSSING

BENODIGDHEDE: 70 cm geruite katoenstof (gingham, 102 cm breed) met 1-cm-ruitjies; bruin, groen en wit borduurgare; kussing (37 x 25 cm).

AANWYSINGS: VOORPANT: Knip 'n stuk katoenstof van 39 x 99 ruitjies. Laat een ruitjie aan albei kante oop vir nate. Plooi die oorblywende 97 ruitjies deur elke liggekleurde ruitjie in die middel en oor die donkergekleurde ruitjie langsaan te vou. Ryg vas.

Borduur kabelkettingsteek oor die kleurstrepe wat nou gevorm word. Raadpleeg diagram 1. Begin by middelstreep en borduur deurgaans kabelkettingsteek só: 2 rye bruin, 3 rye groen en 3 rye wit.

Slaan 4 strepe oor, dan: 1 ry groen, 1 ry wit. Slaan weer 4 strepe oor en borduur nog 1 ry wit kabelkettingsteek.

Begin aan ander kant van middelste streep en borduur soos 'n spieëlbeeld.

AGTERPANT: Knip uit katoenstof 'n reghoek van 27 x 39 ruitjies. Stik voorpant aan agterpant vas met regte kante opmekaar, maar laat 'n klein opening. Stop op of trek kussing oor en werk met die hand toe.

2 WIT KUSSING

BENODIGDHEDE: 1 m netstof (150 cm breed); 100 g borduurgare; 3 m broderie anglaise (5 cm breed); kussing (45 x 35 cm).

AANWYSINGS: Knip 'n strook van 55 x 150 cm vir voorpant en 'n strook van 47 x 37 cm vir agterpant. Trek die materiaal in met rye regsteke wat 2,5 cm van mekaar is. Begin 5 cm van boonste rand en werk 2 rye afwisselende kabelkettingsteek om 'n kabelry te vorm (diagram 2). Slaan 2 cm oor en borduur nog 3 sulke kabelrye. Borduur nog 3 kabelrye, maar slaan elke keer 2 cm oor.

Slaan weer 2 cm oor en borduur middelband van 30 rye afwisselende kabelkettingsteek. Borduur tweede helfte soos 'n spieëlbeeld. Eindig 5 cm van die rand af. Verwyder rygsteke. Knip rand 1 cm van smokwerk af. Werk voorpant aan agterpant met regte kante opmekaar en 1-cm-nate. Stop op of trek kussing oor en werk met die hand toe.

3 HEUNINGKOEKKUSSING

BENODIGDHEDE: 1,4 m netstof (150 cm breed); 50 g borduurgare; kussing (40 x 36 cm).

AANWYSINGS: Knip 'n strook van 48 x 150 cm vir voorpant. Trek die materiaal in met rye rygsteke wat 2,5 cm van mekaar is. Begin 5 cm van boonste rand af en smok dwars met rye afwisselende kabelketting-



DIAGRAMME VIR LINTKUSSING






DIAGRAMME VIR KUSSING MET FRANSE KNOPIES





DIAGRAMME VIR BESKILDERDE KUSSING





Diagram 2

deur LOUISE BALLACK

BLAAI OM

kant (die rye kan ongeveer 30 cm lank en 15 cm van mekaar wees). Pars. Vou 5 mm om na verkeerde kant en pars. Vou nou 1 cm om na verkeerde kant vir soom en stik.

PLEKMATJIES: Knip 8 plekmatjies van 40 x 30 cm elk uit wit katoenstof. Knip vier reghoeke van 40 x 30 cm uit watteersel. Stryk aanstrykvoering aan die verkeerde kant van vier van die plekmatjies. Ryg nou die 8 reghoeke twee-twee en met regte kante na buite opmekaar vas met die watteersel tussenin — onthou om een reghoek met aanstrykvoering en een daarsonder te gebruik. Stik rye satynsteek met verskillende kleure gare (soos by kussings) op regte kant. Laat 'n stukkie oop op die rand (diagram 2). Stik met pienk gare 2 rye satynsteek al om die plekmatjie. Knip oortollige materiaal langs die buiterand met 'n klein sterk skêrtjie af.

SERVET: Knip 8 servette van 40 x 40 cm elk uit wit katoenstof. Stryk aanstrykvoering aan verkeerde kante van vier servette. Ryg twee servette, een met voering en een daarsonder aanmekaar met verkeerde kante opmekaar. Stik soos voorheen rye satynsteek met verskillende kleure gare. Werk rafelrande af met skuinsband (diagram 3).

5 KUSSING MET FRANSE KNOPIES

BENODIGDHEDE: 1 m helderpienk katoenstof (90 cm breed); 1,5 m donkerpienk omboersel; watteersel (40 x 40 cm); borduurgare in vier verskillende kleure; bypassende gare; kussing (35 x 35 cm).

AANWYSINGS: Knip twee vierkante van 40 x 40 cm elk uit pienk katoenstof vir voorpant en een vir agterpant. Speld watteersel aan verkeerde kant van een vierkant vas. Speld ander vierkant agter vas met regte kant na buite. Ryg die drie lae só aanmekaar: Bepaal eers die middelpunt en ryg dan vertikale, horisontale en diagonale lyne na die buiterande (diagram 1).

Merk met 'n potlood 4-cm-vierkante op die voorpant van kussingsloop. Stik met 'n dubbelnaald deur drie lae. Werk nou met borduurgare Franse knopies waar die stiksels mekaar kruis (diagram 2).

Ryg omboersel met rafelrande gelyk aan regte kant van voorpant vas. Stik voorpant



Kussingkikkers

VAN BLADSY 53

aan agterpant vas met regte kante opmekaar en die omboorsel tussenin. Laat 'n klein opening. Dop na regte kant om, stop op of trek kussing oor en werk met die hand toe.

6 BESKILDERDE KUSSING

Die verf lyk die mooiste op 'n ligte skakering katoenstof wat stewig geweef is. Tekstielverf is by handwerk winkels beskikbaar.

BENODIGDHEDE: 1 m wit katoenstof (90 cm breed); 1,5 m blou omboorsel; watteersel (40 x 40 cm); tekstielverf; kussing (35 x 35 cm); bypassende gare.

AANWYSINGS: Knip twee vierkante van 40 x 40 cm elk. Vou een vierkant oor 'n stuk hout met die regte kant na bo en heg met spelde of kleefband vas. Verdeel die vierkant in 7 stroke waarvan elk byna 6 cm breed is (diagram 1).

Verf rye blomme in kleure van jou keuse daarop (diagram 2). Begin bo en werk na onder om te keer dat die nat verf klad. Laat droog word. Verwyder spelde of kleefband. Plaas voorpant, met regte kant na buite, op watteersel. Stik met 'n dubbelnaald tussen die rye blomme (diagram 2). Ryg omboorsel met rafelrande gelyk aan die regte kant van die voorpant vas. Stik voorpant aan agterpant vas met regte kante opmekaar en omboorsel tussenin. Laat 'n klein opening. Dop na regte kant om en pars agterkant van kussing baie versigtig. Stop op of trek kussing oor. Werk met die hand toe.

7 BLOU BATIKKUSSING

BENODIGDHEDE: 80 cm ligpienk katoenstof (90 cm breed) was vir batik; blou kleurstof; 1,4 m omboorsel; kussing (30 x 40 cm); verfkwas; bypassende gare; pienk oorskietkatoenstof.

AANWYSINGS: Knip voorpant (van 30 x 40 cm) van kussingsloop uit pienk katoenstof. Teken enige ontwerp op die voorpant en wend die was met 'n verfkwas aan. Die dele wat met was bedek is, sal nie kleur nie. Kleur nou die voorpant volgens die vervaardiger se aanwysings met blou kleursel. Hang op om droog te word. Skraap oortollige was met 'n stomp mes af. Plaas die voorpant tussen bruinpapier en stryk met 'n warm strykyster om soveel moontlik was te verwyder. Knip uit oorskietkatoenstof twee

strokies van 33 x 4,5 cm elk en twee strokies van 43 x 4,5 cm elk.

Met regte kante opmekaar stik lang vas (diagram 1). Ryg omboorsel met rafelrande gelyk aan regte kant van voorpant vas. Stik voorpant aan agterpant vas met regte kante opmekaar. Laat 'n klein opening. Dop na regte kant om en pars versigtig. Stop op of trek kussing oor en werk met die hand toe.

strokies aan die lang kante van voorpant en kort strokies aan die kort kante van voorpant

8 LINTKUSSING

Span jou verbeelding in en gebruik linte van verskillende kleure, breedtes en teksture om die mooiste kussings te maak.

MATE: Elke kussing is 37 x 37 cm groot.

BENODIGDHEDE: Wit katoenstof vir agterpant; aanstrykvoering vir voorpant; 'n verskeidenheid linte, bypassende gare, kant of broderie anglaise.

AANWYSINGS: Dit sal makliker wees om op 'n strykplank te werk. Plaas voering met kleefkant na bo. Sny die lint 3 cm langer as die voering. Plaas een stuk lint met die regte kant na bo in die middel van die voering, en een stuk dwars in die middel van die voering. Die twee stukke moet mekaar by die middelpunt van die kussing kruis. Speld vas aan albei kante (diagram 1). Weef die oorblywende linte in en uit aan albei kante van die eerste twee linte. Gebruik na eie keuse verskillende kleure of breedtes lint. Speld elke lint vas soos aangedui (diagram 2).

Indien satynlint gebruik word, sal dit makliker wees om die punte van elke lint te pars om dit in posisie te hou. Wees versigtig om nie direk op die voering te stryk nie, maar net op die lint.

Verwyder spelde soos jy werk. Indien fluweel- of ander swaar lint gebruik word, is dit beter om die lint eers vas te ryg. Sodra al die lint klaar "geweef" is, kan dit aan die voering vasgestryk word. Laat eers afkoel voor jy verder werk.

Ryg kant of broderie anglaise aan die regte kant van die voorpant vas met die rafelrande gelyk. Stik vas. Stik agterpant aan voorpant vas met regte kante opmekaar en rafelrande gelyk (diagram 3). Die naattoelating is 1 cm. Laat 'n klein opening om die kussingsloop om te dop. Dop na regte kant om en pars versigtig. Stop op of trek kussing oor en werk opening met die hand toe. Werk 'n lintstrik in die middel of op die hoeke vas.

NA BLADSY 56



Voor



3 dae later



7 dae later



REVITANAIL

Vir die langste sterkste natuurlike naels

14 dae later



Ja! Revitanail, die naelgroeimiddel wat opknop en jou natuurlike lang, sterk, pragtig gesonde vingernaels gee. Binne net 5 tot 7 dae.

Revitanail se dubbele proteïene beëindig naels wat breek, versterk jou naels en laat dit langer groei. Revitanail, met vitamien A, E en D, asook 100% natuurlike organiese proteïene, is die maklikste manier om perfekte naels te kweek wat altyd lieflik lyk... en jou eie is!

Beskikbaar in aanrol en sproei

REVITANAIL



Davon


Handelsnavrae
Davon (Edms) Bpk Posbus 46162
Orange Grove 2119
Tel: (011) 609-5806

Marketpoint 452


Kussing-kickers

VAN BLADSY 54


DIAGRAMME
VIR STCEPSTELLETJIE



Servet



Kussing




Plekmatjie

DIAGRAMME
VIR SMOKWERK



Kabelkettingssteek



Só word

kabelrye gevorm



Nou het jong hondjies asook kleiner soort honde ook hulle redes waarom hul Bobtail hondekos verkies!

Nuwe Bobtail Melkverrykte Kos vir Jong Hondjies. Gee u jong hondjie 'n voorsprong in die lewe deur aan hom die voeding te gee wat hom sal help om in 'n gesonde, lewenslustige hond te ontwikkel.

Nuwe Bobtail Mini-brokkies is 'n volledige en gebalanseerde dieet. Spesiaal vervaardig vir klein tot middelgrootte honde.



Vervaardig deur Nola Nywerhede (Edms) Beperk, Desertstraat 2, RANDFONTEIN 1760. Klas: Droë Hondekos.
Bobtail Hondekosbrokkies. Reg. Nr. V9030 Wet 36/1947.
Bobtail Mini-brokkies. Reg. Nr. V9765 Wet 36/1947.
Bobtail Kos vir Jong Hondjies. Reg. Nr. V9764 Wet 36/1947.



N FEDFOOD MAATSKAPPIJ